

14 April 2019

# FAMILIE TUISBLAD



## Psalm 118:1-2 en 19-29

### ons storie

In die Ou Testament tyt was daar baie gereelde feeste wanneer mense spesiaal tyd gemaak het om vir God dankie te sê.

Watter feeste vier ons vandag nog wat ons daarmee help?

Watter feeste vier julle gesin wat vir jou baie beteken?

### GOD se storie

Sondag 14 April is Palmsondag. Ons herdenk die intog van Jesus in Jerusalem in, die week voordat Hy gekruisig is. Mense het op daardie dag palmtakke gewaai om Jesus in Jerusalem te verwelkom.

Boom- of palmtakke is gewaai wanneer feeste gevier is. Ons lees ook van hierdie gebruik in vers 27.

Die Psalm is oorspronklik gesing by feeste - die lied het mense uitgenooi om God te prys en te eer vir Sy liefde en getrouheid. Oorweeg dit om hierdie week boom- of palmtakke by julle voordeur of oprit te sit en so ook gereed te maak vir Paasfees.

Op hierdie manier as julle bure of vriende daarvoor vra kan julle hulle daarvan vertel.

### ons nuwe storie

Vers 22 verwys na 'n klip wat deur bouers afgekeur word. Jesus maak hierdie woorde op Hom van toepassing in die Nuwe Testament. (Matt 21:42; Mark 12:10; Luk 20:17)

Die feit dat mense Jesus verwerp het en ten spyte daarvan het Hy die belangrikste klip in die gebou geword.

Jesus word tog die hoeksteen van ons geloof.

Watter plek sou jy sê neem Jesus in jou geloof?  
Hoe belangrik is Hy?  
Hoekom is Hy vir jou belangrik?

### Rituele en gewoontes

Tydens die ete wat meeste van julle huismense saam eet:

Laat elkeen dink aan een ding waarvoor hy of sy dankbaar is en waarvoor hulle vir God wou dankie sê.

Julle kan fees vier soos die Israeliete deur elkeen kans te gee om daardie een ding te noem daarna kan die res van die groep hardop sê:

***Aan sy liefde is daar geen einde nie.***